VERJAARSDAE

20 Okt Anna Krause (Belydend)	0726437974
23 Okt Anne-Marie Kirsten (Belydend)	0626024034
23 Okt Chané Kirsten (Doop)	0849857186
25 Okt Brenda Koekemoer (Belydend)	0729198137

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

20 Oktober 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK D

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Christelike Onderwys Lesmateriaal

Woordbediening

Eks. 20:1-3 & Matt. 22:37-40.
Fokus: HK Sondag 34

Tema: Omdat ek verlos is, sal ek geen ander gode hê nie.

1. Die Tien Gebooie is 'n "dankie sê wet" en 'n "blydskap wet".
    a. God verlos eers sy volk uit slawerny, en dan gee Hy sy Tien Gebooie as die groot riglyn om dankie te sê (Eks. 20:2).
        i. Ook ons wat glo was slawe van die sonde, en is deur Jesus bevry. (Rom. 6:6, 17, 20).

ii. Die Tien Gebooie is steeds ons groot riglyn om ons dankbaarheid en blydskap te wys oor ons verlossing. (Rom. 12:1-2, 13:8-10, Matt. 22:37-40).

b. Deur Jesus se opstandingskrag en die werk van die Heilige Gees, is ons in staat om die wet steeds meer met dankbaarheid en blydskap na te kom.

c. Ons is ook dankbaar en bly oor die wet, want ons Vader gee dit vir ons beswil.

2. Hoe kan ons die Tien Gebooie indeel of saamvat?
   a. Die eerste 4 gebooie gaan oor ons liefde vir God en hoe ons teenoor Hom moet optree, en die laaste 6 gebooie gaan oor ons liefde vir ons naaste, en hoe ons teenoor hulle moet optree. (Matt. 22:70)

3. Hoe moet ons die wet interpreteer?
   a. Jesus leer ons dit gaan oor baie meer as net die sinnetjie wat in elke gebod staan. (Matt. 5:21-22, 27-28).
   b. Jesus leer ons ook dit gaan nie net oor wat God verbied nie, maar ook oor wat Hy positief vra. (Matt. 22:37-40).

4. Wat verbied God in die eerste gebod?
   a. Ek moet ter wille van my ewige lewe alle afgodery (blatant en subtiel), towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels vermy en daarvan wegvlug. (HK V&A 94).

DATUMS VIR 2020

Diensgroepe moet asseblief onthou om hul datums in 2020 vir hul funksies / vergaderings / geleenthede deur te gee aan Colleen Koekemoer met die oog op die opstel van die jaarprogram vir 2020.



GKSA ALMANAKKE

Die GKSA almanakke is gereed en kan bestellings geplaas word. Skryf jou naam op die bestelvorm agter op die kennisgewingbord voor/op **27 Oktober 2019**, waarna dit bestel gaan word vanaf die Admin Buro, en behoort ons dit teen middel November te hê.
Die koste van die Almanak beloop **R86.00** Geld kan gedeponeer word in die kerkrekening: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, 52034 00 33 met DUIDELIKE VERWYSING(bv. *Almanak/M Floor),* of deur kontant met ontvangs.

PASTORIE WERKSLYS (SOOS OP 14/10/19)

Die lysie is lank en die hande is min. As daar **ENIGE** iemand is wat met die volgende kan hulp verleen sal dit baie waardeer word. Dankie aan almal wat reeds kom oë wys het! En baie dankie aan PJ Gouws vir alles wat hy insit in hierdie projek! Kontak hom gerus as jy op enige manier kan help: 0794928404

- Vervang blad onder wasbak (work top) in kombuis
- Vervang tydelike werksblad in kombuis
- Vervang wasbak en badkrane se rubber seëls
- Vervang een sy plafon "cornish", beskadig tydens geyser lekkasie (2de slaapkamer)
- Vervang alle slaapkamer kasdeur handvatsels
- Herstel agterstoep los leiklip seksies
- Verf woonstel mure. Bring nuwe skuifdeur spoor aan (tussen eetkamer en gang)
- Herstel werksblad in woonstel (gangkas)
- Vervang hoof badkamer se stort "kontrepsie" met mengkraan eenheid met stort aanhegstuk
- Vervang gebreekte/vermiste teëls in kombuis en slaapkamers vensterbanke (kleiner wit Pilkington teëls)
- Hulp met aanbring van Everite harde tipe fasia borde vir vierkant
- Plaas alle lig omhulsels terug. Aankoop van 2 gebreekte lig omhulsels en vervanging
- Dalk Day/Night skakelaar aanbring (huis saans baie donker)
- Saag ou en oorhang bome af in agterplaas
- Maar erf finaal skoon en ry blare/vullis weg.